**NYWERHEIDSRAAD VIR DIE RESTOURANT-, SPYSENIERS- EN VERWANTE BEDRYWE
OOREENKOMS**

ooreenkomstig die Wet op Arbeidsverhoudinge, 1956, gesluit deur en aangegaan tussen

CATRA, The Restaurant and Food Services Association of South Africa

(hierna die "werkgewers" of die "werkgewersorganisasie" genoem), aan die eenkant, en die

Catering Employees' Union

en

The Restaurant and Catering Trade Union

(hierna die "werknemers" of die "vakverenigings" genoem), aan die ander kant,

wat die partye is by die Nywerheidsraad vir die Restaurant-, Spyseniers- en Verwante Bedrywe,

tot wysiging van die Ooreenkoms gepubliseer by Goewermentskennisgewing No. R. 412 van 1 Maart 1991, soos gewysig, verleng en herbekragtig deur Goewermentskennisgewings Nos. R. 3295 en R. 3296 van 11 Desember 1992, R. 1944 en R. 1945 van 15 Oktober 1993, R. 1466 van 26 Augustus 1994 en R. 1693 van 3 November 1995.

1. TOEPASSINGSBESTEK VAN OOREENKOMS

(1) Hierdie Ooreenkoms moet in die Restaurant-, Spyseniers- en Verwante Bedrywe nagekom word—

- (a) deur alle werkgewers wat lede is van die werkgewersorganisasie en deur alle werknemers wat lede is van die vakverenigings;
- (b) in die landdrostdistrikte Alberton, Benoni, Boksburg, Brakpan, Delmas, Germiston, Johannesburg, Kempton Park, Krugersdorp, Randburg, Randfontein, Roodepoort, Springs en Westonaria.

2. KLOUSULE 3: OMSKRYWING

(1) Vervang die omskrywing van "spyseniersassistent" deur die volgende:

"**spyseniersassistent**" 'n werknemer wat—

- (a) enigeen of meer van die volgende berei of gaarmaak: Gewone of geroosterde toebrødjies, vars vrugte, vrugte-slaaie, slaaie van vars of bereide groente, hamburgers, worsbrødjies, wafels, pannekoek, pizzas, pasteitjies (behalwe waar pizzas en pasteitjies 'n spesialiteit is), kerrie en rys, gewone pankosse, roostergerigte, springmielies, vis en aartappelskyfies, vetkoek en geroosterde hoender, en/of met die voorbereiding van die bedryfsinrigting en spyskaart behulpsaam is;
- (b) bestellings oordra en die kossoorte in paragraaf (a) genoem, die koue bereide kosse en bereide slaaisouse, gestoofde geregte, gekookte vleis en/of groente of op borde óf in houters plaas, gereed om na die klant geneem te word;
- (c) 'n roomysafmeter en/of sodapomp en/of halfoutomatiese masjien bedien;
- (d) mondelinge of geskrewe bestellings van 'n kelner/wynkelner ontvang vir die verskaffing/oorhandiging aan hom/haar van bottels en alkoholiese of nie-alkoholiese drank".

(2) Vervang die omskrywing van "algemene assistent" deur die volgende:

"**algemene assistent**" 'n werknemer wat enigeen of meer van die volgende werksaamhede verrig:

- (a) Maaltye vir die uitsluitlike verbruik deur die werknemers van die bedryfsinrigting berei en pap maak;
- (b) eetware vir verkoop of aflewering verpak/toedraai;
- (c) help met die nagaan van voorraad onder toesig;
- (d) breekgoed, glasware, tafellinne en ander voorraadkamerbenodighede nagaan; eetkamertoerusting nagaan, botterhouters, konfytpotjies of sout-en-peperstelle vul en tafels dek;
- (e) persele, werkplekke of enige artikel skoonmaak;
- (f) rou pluimvee, rou vis of rou vleis as deel van die skoonmaakproses skoonmaak, pluk of sny; vrugte en groente skoonmaak of skil; vrugte of groente sny, uitgesonderd vir slaaie; brood sny;
- (g) goedere dra, opstapel of verskuif;
- (h) vuur maak of aan die gang hou; as en vullis verwyder;
- (i) bestellings weg van die perseel af vent, neem en/of aflewering en betaling daarvoor ontvang;
- (j) koffie, tee, kakao en soortgelyke drankke maak;
- (k) laai en aflaai;
- (l) herhalend massa volgens 'n gestelde massameter bepaal;
- (m) pakkies oop- of toemaak;
- (n) politeen- of dergelyke voorafge vulde houters met hitte toemaak;
- (o) tuinmaak;
- (p) messe slyp;
- (q) in ander houters oorgiet, behalwe vir tafelgebruik;
- (r) persele of ander los of vaste eiendom bedags bewaak, maar uitgesonderd 'n wag;"

(3) Vervang die uitdrukking "roosterbediener (sien "kok")" deur die uitdrukking "roosterbediener (sien "spyseniers-assistent")";.

(4) Vervang die omskrywing van "bestuurder" deur die volgende:

"**bestuurder**" 'n werknemer wat deur sy werkgever belas is met die algehele toesig oor, verantwoordelikheid vir en leiding van die werksaamhede in of in verband met daardie seksie van die bedryfsinrigting wat soos sy/haar gesag geplaas is, en wat regstreeks aan die werkgever verantwoordelik is, en omvat dit verder die voorsiening van bywoningsregisters aan alle werknemers en die daaglikse afhandeling daarvan sowel as van die salarisregister indien so deur die werkgever beveel:

Met dien verstande dat waar minder as ses werknemers in diens is, so 'n werknemer geag word 'n toesighouer te wees.

3. KLOUSULE 8: WERKURE, OORTYD EN BETALING VIR OORTYDWERK

Voeg 'n verdere voorbehoudsbepaling by subklousule (6):

"Met dien verstande voorts dat 'n kontrakkelnar vergoed sal word teen minstens die voorgeskrewe koers vir 'n kelner.".

4. KLOUSULE 11: DIENSKONTRAKTE

- (1) Vervang hierdie klousule deur die volgende:
- (1) "Elke werkgewer moet elke nuwe werknemer voorsien van 'n diensbrief of moet 'n kontrak sluit wat minstens die volgende toon:
- (a) Die werknemer se volle naam en identiteitsnommer;
 - (b) die datum van indienstreding;
 - (c) die tipe werk en die basiese loon aangebied; en
 - (d) dat die diensvoorwaardes soos in hierdie Ooreenkoms voorgeskryf, van toepassing is.
- (2) Die oorspronklike van hierdie diensbrief moet deur die werkgewer sowel as die werknemer onderteken word en die werkgewer moet 'n kopie vir homself/haarself hou."

5. KLOUSULE 18: DIENSSERTIFIKAAT

- (1) In die Engelse teks vervang die opskrif van klousule 18 deur die volgende:
- "18. CERTIFICATE OF SERVICE".
- (2) Skrap subklousule (2).

6. KLOUSULE 19: UITGAWES VAN DIE RAAD

- (1) Voeg die volgende nuwe subklousule (1A) in:
- "(1A) *Geskilbeslegting*: Om die Raad se uitgawes betreffende die administrasie van 'n fonds vir geskilbeslegting te dek, moet die werkgewer R1,00 afgetrek van elke werknemer wat gedurende die maand gewerk het: Met dien verstande dat, vir die doeleindes van hierdie subklousule, dit geag sal word dat 'n werknemer gewerk het tydens betaalde vakansie- of siekteverlof ingevolge hierdie Ooreenkoms. Die Raad moet 'n afsonderlike rekening vir hierdie fonds hê."
- (2) In subklousule (2) vervang paragraaf (a) deur die volgende:
- "(a) 'n Bedrag gelyk aan dié wat van die werknemer se loon afgetrek word soos voorgeskryf in subklousules (1) en (1A);"

Onderteken te Johannesburg op hede die 24ste dag van April 1997.

J. MICHAELIDES

Voorsitter

E. SIEW

Ondervoorsitter

S. B. VAN DYK

Sekretaris

No. R. 1100

15 August 1997

LABOUR RELATIONS ACT, 1956

FURNITURE AND BEDDING MANUFACTURING INDUSTRY, TRANSVAAL: AMENDMENT OF MAIN AGREEMENT

I, Tito Titus Mboweni, Minister of Labour, hereby—

- (a) in terms of section 48 (1) (a) of the Labour Relations Act, 1956, declare that the provisions of the Agreement (hereinafter referred to as the Amending Agreement) which appears in the Schedule hereto and which relates to the Undertaking, Industry, Trade or Occupation referred to in the heading to this notice, shall be binding, with effect from the second Monday after the date of publication of this notice and for the period ending 31 December 1997, upon the employers' organisation and the trade union which entered into the Amending Agreement and upon the employers and employees who are members of the said organisation or union; and
- (b) in terms of section 48 (1) (b) of the said Act, declare that the provisions of the Amending Agreement, excluding those contained in clause 1 (1) (a), shall be binding, with effect from the second Monday after the date of publication of this notice and for the period ending 31 December 1997, upon all employers and employees, other than those referred to in paragraph (a) of this notice, who are engaged or employed in the said Undertaking, Industry, Trade or Occupation in the areas specified in clause 1 of the Amending Agreement.

T. T. MBOWENI

Minister of Labour

SCHEDULE
INDUSTRIAL COUNCIL FOR THE FURNITURE AND BEDDING MANUFACTURING INDUSTRY, TRANSVAAL
AGREEMENT

in accordance with the provisions of the Labour Relations Act, 1956, made and entered into by and between the

Transvaal Furniture, Bedding & Upholstery Manufacturers' Association
 (hereinafter, referred to as the "employers" or the "employers' organisation"), of the one part, and the

National Union of Furniture & Allied Workers South Africa

and

Paper, Printing, Wood & Allied Workers' Union of South Africa

(hereinafter referred to as the "employees" or the "trade unions"), of the other part,

being the parties to the Bargaining Council for the Furniture and Bedding Manufacturing Industry, Transvaal, to amend the Agreement published under Government Notice No. R. 1347 of 30 June 1981, as amended, extended, renewed and re-enacted by Government Notices Nos. R. 1819 of 27 August 1986, R. 1453 of 1 July 1983, R. 1920 of 2 September 1983, R. 2501 of 8 November 1985, R. 1344 of 27 June 1986, R. 1878 of 12 September 1986, R. 1206 of 26 June 1988, R. 1722 of 26 August 1988, R. 205 of 2 February 1990, R. 1492 of 29 June 1990, R. 3041 of 4 January 1991, R. 1418 of 21 June 1991, R. 2662 of 8 November 1991, R. 2795 of 22 November 1991, R. 1683 of 19 June 1992, R. 3006 of 30 October 1992, R. 3098 of 13 November 1992, R. 129 of 29 January 1993, R. 1224 of 9 July 1993, R. 2078 and R. 2079 of 5 November 1993, R. 1109 of 24 June 1994, R. 2248 of 23 December 1994, R. 961 of 30 June 1995, R. 458 of 22 March 1996, R. 1069 of 28 June 1996, R. 1577 of 27 September 1996 and R. 2062 of 13 December 1996.

CHAPTER I

1. SCOPE OF APPLICATION

- (1) The terms of this Agreement shall be observed in the Furniture and Bedding Manufacturing Industry, Transvaal—
 - (a) by all employers who are members of the employers' organisation and by all employees who are members of the trade union, and who are engaged and employed in the Furniture & Bedding Manufacturing Industry, respectively;
 - (b) in the Province of the Transvaal as it existed immediately prior to the date of coming into operation of the Constitution of the Republic of South Africa, 1993 (Act No. 200 of 1993), and in the Magisterial District of Vryburg as it was constituted as at 24 June 1960.
- (2) Notwithstanding the provisions of subclause (1), the provisions of this Agreement shall—
 - (a) apply only to employees for whom wages are prescribed therein and to the employers of such employees;
 - (b) apply to apprentices in so far as they are not inconsistent with the provisions of the Manpower Training Act, 1981, or the Manpower Training Amendment Act, 1990, or any contracts entered into or any conditions fixed thereunder; and
 - (c) be subject to the provisions of the Determination by the Court, dated 30 October 1984, in the matter between the Industrial Councils for the Furniture and Bedding Manufacturing Industry, Transvaal and Natal, and the Industrial Councils for the Building Industry, Transvaal and Natal, and the National Industrial Council for the Iron, Steel, Engineering and Metallurgical Industry.

2. CLAUSE 3: DEFINITIONS

- (1) In the definition of "foreman and/or supervisor", insert the following after the word "Agreement" in paragraph (f):
 "subject thereto that a foreman/supervisor shall not be entitled to payment for hours of work lost owing to short time being worked, stay-aways and absence without prior permission;"
- (2) In the definition of "piece-work", delete the expression "except as provided for in clause 5 of Chapter I of this Agreement".
- (3) In the definition of "probationer" substitute the expression "two months" for the expression "one month";.

3. CLAUSE 4: CLOSING OF ESTABLISHMENT FOR ANNUAL HOLIDAY SHUT-DOWN

Substitute the following for clause 4:

"No employer shall perform work or require or allow an employee to perform work and no employee shall undertake or perform work, whether for remuneration or not, during the following period:

From the evening of Friday, 19 December 1997 to the morning of Thursday, 15 January 1998."

4. CLAUSE 5: PIECE-WORK AND WORK UNDER AN INCENTIVE SCHEME

- (1) Substitute the following for the heading to this clause:
 "WORK UNDER AN INCENTIVE SCHEME"
- (2) Delete subclauses (1) and (2) and renumber subclauses (3) to (6) to read (1) to (4).

5. CLAUSE 8: SHORT-TIME

- (1) Substitute the following for the heading to this clause:

"SHORT-TIME AND DISMISSALS BASED ON OPERATIONAL REQUIREMENTS".

- (2) Substitute the following for subclause (2):

- "(2) (a) When an employer contemplates dismissing one or more employees for reasons based on the employer's operational requirements, subject thereto that shorttime of less than 35 hours per week had been worked over a continuous period of one week, the employer must consult:
- (i) any person whom the employer is required to consult in terms of a collective agreement;
 - (ii) a workplace forum, if there is no collective agreement that requires consultation and the employees likely to be affected by the proposed dismissals are employed in a workplace where there is a workplace forum;
 - (iii) any registered trade union whose members are likely to be affected by the proposed dismissals, if there is no workplace forum in the workplace where such employees are employed; and
 - (iv) the employees likely to be affected by the proposed dismissals or their representatives nominated for that purpose, if there is no such trade union.
- (b) The consulting parties must attempt to reach consensus on—
- (i) appropriate measures—
 - (aa) to avoid the dismissals;
 - (ab) to minimise the number of dismissals;
 - (ac) to change the timing of the dismissals; and
 - (ad) to mitigate the adverse effects of the dismissals; and
 - (ii) the method of selecting the employees to be dismissed.
- (c) Severance pay of one week's normal wages for each completed year of service is payable: Provided that during the first year and last year of service, 10 months' or more service shall be regarded as a completed year.
- (d) The employer must disclose in writing to the other parties, all relevant information, including, but not limited to:
- (i) the reasons for the proposed dismissals;
 - (ii) the alternatives that the employer considered before proposing the dismissals, and the reasons for rejecting each of these alternatives;
 - (iii) the number of employees likely to be affected and the job categories in which they are employed;
 - (iv) the proposed method of selecting which employees to dismiss;
 - (v) the time when, or the period during which, the dismissals are likely to take effect;
 - (vi) the severance pay proposed;
 - (vii) any assistance that the employer proposes to offer employees likely to be dismissed; and
 - (viii) the possibility of re-employment of dismissed employees in the future.
- (e) The provisions of section 16 of the Labour Relations Act, 1995, apply, read with the changes required by the context, to the disclosure of information in terms of paragraph (d).
- (f) During consultation the employer must allow the other parties an opportunity to make representations on any matter about which they are consulting.
- (g) The employer must consider and respond to the representations made by the other parties and, if the employer does not agree with them, the employer must state reasons for disagreeing.
- (h) The employer must select the employees to be dismissed according to selection criteria—
- (i) that have been agreed to by the consulting parties; or
 - (ii) that are fair and objective, if no criteria have been agreed to.

6. CLAUSE 34: TERMINATION OF EMPLOYMENT

- (1) In subclause (1), insert the following expression after the word "service" where it first appears in the subclause:
- "during the two months' probationary period, whereafter the notice period shall be one week".
- (2) In subclause (2), delete the expression "than one hour" after the word "notice".
- (3) In subclause (3), insert the following expression after the word "hour":
- "or one week, as the case may be,".

7. CHAPTER II:**MINIMUM WAGES**

Substitute the following for clause 1 of Chapter II:

"1. (a) *Wage increases: Furniture manufacturing:* The following shall be the minimum weekly wages prescribed for the respective classes of work emunerated hereunder: Provided that on each occasion the minimum prescribed rate has to be increased in terms of this agreement. Employees who are in receipt of a wage in excess of the minimum prescribed rate for the class of work performed by them shall, notwithstanding anything to the contrary herein contained, receive an increment equivalent to the amount shown hereunder for the wage category:

<i>Actual earnings</i>	<i>Period ending 30 June 1998</i>
Foreman/Supervisor earning R496,25 per week or more.....	Weekly wage to be increased by R44,00
Chargehand earning R481,40 per week or more	Weekly wage to be increased by R44,00
Grade IV chargehand earning R409,28 per week or more.....	Weekly wage to be increased by R44,00
Grade I employee earning R451,72 per week or more	Weekly wage to be increased by R44,00
Grade II employee earning R443,92 per week or more	Weekly wage to be increased by R44,00
Grade III employee earning R416,20 per week or more	Weekly wage to be increased by R44,00
Grade IV employees earning R394,20 per week or more	Weekly wage to be increased by R44,00
Grade IV A employees earning R396,83 per week or more	Weekly wage to be increased by R44,00
Grade V employees earning R8,09 per hour.....	Wage to be increased by R1,00 per hour
Casual employee earning R8,59 per hour	Wage to be increased by R1,15 per hour

(b) *Wage increases: Bedding manufacturing:* The following shall be the minimum weekly wages prescribed for the respective classes of work enumerated hereunder: Provided that on each occasion the minimum prescribed wage has to be increased in terms of this Agreement. Employees who are in receipt of a wage in excess of the minimum prescribed wage for the class of work performed by them shall, notwithstanding anything to the contrary herein contained, receive an increment equivalent to be amount shown hereunder for the wage category:

<i>Actual earnings</i>	<i>Period ending 30 June 1998</i>
Grade I employee earning R443,92 per week or more	Weekly wage to be increased by R44,00
Grade I A employee earning R451,72 per week or more	Weekly wage to be increased by R44,00
Grade II employee earning R434,51 per week or more	Weekly wage to be increased by R44,00
Grade III employee earning R416,20 per week or more	Weekly wage to be increased by R44,00
Grade III A employee earning R411,16 per week or more.....	Weekly wage to be increased by R44,00
Grade IV employee earning R394,13 per week or more	Weekly wage to be increased by R44,00
Grade V employee earning R8,09 per hour.....	Wages to be increased by R1,00 per hour
Casual employee earning R8,59 per hour	Wage to be increased by R1,15 per hour

(c) The following shall be the minimum weekly wages prescribed for apprentices in designated trades. An apprentice who is in receipt of a wage in excess of the minimum prescribed rate of the skills level for which he has qualified, shall, notwithstanding anything to the contrary contained herein, receive an increase of not less than R44,00 per week:

<i>Classification</i>	<i>Minimum wages Period ending 30 June 1998</i>
At indenturing	R448,33
Passing Phase 1	R468,33
Passing Phase 2	R475,33
Passing Phase 3	R488,33
Passing Phase 4	R500,33
Passing Phase 5	R513,33".

8. CLAUSE B: WAGE INCREASE AND MINIMUM WAGES

Substitute the following for subclause (1) of clause B:

"(1) The following shall be the minimum weekly wages prescribed for the respective classes of work enumerated hereunder: Provided that on each occasion the minimum prescribed rate has to be increased in terms of this Agreement. Employees who are in receipt of a wage in escess of the minimum prescribe rate for the class of work performed by them shall, notwithstanding anything to the contrary herein contained, receive an increment equivalent to the amount shown hereunder for that wage category:

<i>Classification</i>	<i>For the period 30 June 1998</i>
Driver classified under 1 (a) (i).....	Weekly wage to be increased by R44,00
Driver classified under 1 (a) (ii)	Weekly wage to be increased by R44,00
Driver classified under 1 (a) (iii)	Weekly wage to be increased by R44,00
Driver classified under 1 (a) (iv) and (b)	Weekly wage to be increased by R44,00
Driver classified under 1 (b)	Weekly wage to be increased by R44,00

CASUAL DRIVERS

Casual drivers classified under 1 (c) (i)	Weekly wage to be increased by R10,35
Casual drivers classified under 1 (c) (ii)	Weekly wage to be increased by R10,35
Casual drivers classified under 1 (c) (iii)	Weekly wage to be increased by R10,35
Casual drivers classified under 1 (c) (iv) and (d)	Weekly wage to be increased by R10,35
Casual drivers classified under 1 (d)	Weekly wage to be increased by R10,35

Signed at Johannesburg, on behalf of the parties, this 28th day of May 1997.

R. CORNICK

Chairman of the Council

M. SEFF

Vice-Chairman of the Council

P. C. SMIT

General Secretary of the Council

No. R. 1100

15 Augustus 1997

WET OP ARBEIDSVERHOUDINGE, 1956

MEUBEL- EN BEDDEGOEDNYWERHEID, TRANSVAAL: WYSIGING VAN HOOFDOORENKOMS

Ek, Tito Titus Mboweni, Minister van Arbeid, verklaar hierby—

- (a) kragtens artikel 48 (1) (a) van die Wet op Arbeidsverhoudinge, 1956, dat die bepalings van die Ooreenkoms (hierna die Wysigingsooreenkoms genoem) wat in die Bylae hiervan verskyn en betrekking het op die Onderneming, Nywerheid, Bedryf of Beroep in die opskrif by hierdie kennisgewing vermeld, met ingang van die tweede Maandag na die datum van publikasie van hierdie kennisgewing en vir die tydperk wat op 31 Desember 1997 eindig, bindend is vir die werkgewersorganisasie en die vakverenigings wat die Wysigingsooreenkoms aangegaan het en vir die werkgewers en werknemers wat lede van genoemde organisasies of verenigings is; en
- (b) kragtens artikel 48 (1) (b) van genoemde Wet, dat die bepalings van die Wysigingsooreenkoms, uitgesonderd die vervat in klousule 1 (1) (a), met ingang van die tweede Maandag na die datum van publikasie van hierdie kennisgewing en vir die tydperk wat op 31 Desember 1997 eindig, bindend is vir alle ander werkgewers en werknemers as die genoem in paragraaf (a) van hierdie kennisgewing wat betrokke is by of in diens is in genoemde Onderneming, Nywerheid, Bedryf of Beroep in die gebiede in klousule 1 van die Wysigingsooreenkoms gespesifiseer.

T. T. MBOWENI

Minister van Arbeid

BYLAE

**NYWERHEIDSRAAD VIR DIE MEUBEL- EN BEDDEGOEDVERVAARDIGINGSNYWERHEID, TRANSVAAL
OOREENKOMS**

ooreenkomstig die Wet op Arbeidsverhoudinge, 1956, gesluit deur en aangegaan tussen die

Transvaal Furniture, Bedding & Upholstery Manufacturers' Association

(hierna die "werkgewers" of die "werkgewersorganisasie" genoem) aan die een kant, en die

National Union of Furniture & Allied Workers South Africa

en

Paper, Printing, Wood & Allied Workers' Union of South Africa

(hierna die "werknemers" of die "vakverenigings" genoem) aan die ander kant

wat die partye is by die Bedingingsraad vir die Meubel- en Beddegoednywerheid, Transvaal, tot wysiging van die Ooreenkoms gepubliseer by Goewermentskennisgewing No. R. 1347 van 30 Junie 1981, soos gewysig, verleng, hernu en herbekragtig by Goewermentskennisgewings Nos. R. 1819 van 27 Augustus 1982, R. 1453 van 1 Julie 1983, R. 1920 van 2 September 1983, R. 2501 van 8 November 1985, R. 1344 van 27 Junie 1986, R. 1878 van 12 September 1986, R. 1206 van 26 Junie 1988, R. 1722 van 26 Augustus 1988, R. 205 van 2 Februarie 1990, R. 1492 van 29 Junie 1990, R. 3041 van 4 Januarie 1991, R. 1418 van 21 Junie 1991, R. 2662 van 8 November 1991, R. 2795 van 22 November 1991, R. 1683 van 19 Junie 1992, R. 3006 van 30 Oktober 1992, R. 3098 van 13 November 1992, R. 129 van 29 Januarie 1993, R. 1224 van 9 Julie 1993, R. 2078 en R. 2079 van 5 November 1993, R. 1109 van 24 Junie 1994, R. 2248 van 23 Desember 1994, R. 961 van 30 Junie 1995, R. 458 van 22 Maart 1996, R. 1069 van 28 Junie 1996, R. 1577 van 27 September 1996 en R. 2062 van 13 Desember 1996.

HOOFSTUK I

1. TOEPASSINGSBESTEK VAN OOREENKOMS

- (1) Hierdie Ooreenkoms moet in die Meubel- en Beddegoednywerheid, Transvaal, nagekom word—
 - (a) deur alle werkgewers wat lede van die werkgewersorganisasie is en deur alle werknemers wat lede van die vakverenigings is, en wat onderskeidelik by die Meubel- en Beddegoednywerheid betrokke is en daar werksaam is;
 - (b) in die provinsie Transvaal, soos dit bestaan het onmiddellik voor die datum van inwerkingtreding van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1993 (Wet No. 200 van 1993), en in die landdrosdistrik Vryburg soos dit op 24 Junie 1996 saamgestel was.
- (2) Ondanks subklousule (1), is hierdie Ooreenkoms—
 - (a) slegs van toepassing op werknemers vir wie lone daarin voorgeskryf word en op die werkgewers van sodanige werknemers;
 - (b) van toepassing op vakleerlinge vir sover dit nie onbestaanbaar is nie met die Wet op Mannekragopleiding, 1981, of die Wysigingswet op Mannekrag, 1990, of enige kontrakte daarkragtens aangegaan of enige voorwaardes daarkragtens vasgestel; en
 - (c) onderworpe aan die bepalings van die Vasstelling van die Nywerheidshof, gedateer 30 Oktober 1984, in die saak tussen die Nywerheidsrade vir die Meubel- en Beddegoednywerheid, Transvaal en Natal, en die Nywerheidsrade vir die Bounywerheid, Transvaal en Natal, en die Nasionale Nywerheidsraad vir die Yster-, Staal-, Ingenieurs- en Metallurgiese Nywerheid.

2. KLOUSULE 3: WOORDOMSKRYWING

- (1) In die woordoms krywing van "voorman en/of toesighouer" voeg die volgende uitdrukking in aan die einde van paragraaf (f):

"onderworpe daaraan dat 'n voorman/toesighouer nie geregtig op betaling is nie vir verlore werksure as gevolg van korttyd wat gewerk word, wegblyksies en afwesigheid sonder vooraf toestemming;"
- (2) In die woordoms krywing van "stukwerk" skrap die uitdrukking "behoudens klousule 5 van Hoofstuk I van hierdie Ooreenkoms".
- (3) In die woordoms krywing van "proefwerknemer" vervang die uitdrukking "een maand" deur die uitdrukking "twee maande";.

3. KLOUSULE 4: SLUITING VAN BEDRYFSINRICHTING VIR DIE JAARLIKSE VAKANSIESLUITING

Vervang klousule 4 deur die volgende:

"Geen werkgewer mag werk verrig of van 'n wernemer vereis of hom toelaat om werk te verrig, en geen werknemer mag werk onderneem of verrig hetsy teen besoldiging al dan nie, gedurende die volgende tydperk nie:

Vanaf die aand van Vrydag, 19 Desember 1997 tot die oggend van Donderdag, 15 Januarie 1998."

4. KLOUSULE 5: STUKWERK EN WERK VOLGENS 'N AANSPORINGSKEMA

- (1) Vervang die opskrif van hierdie klousule deur die volgende:

"WERK VOLGENS 'N AANSPORINGSKEMA".
- (2) Skrap subklousules (1) en (2) en hernommer subklousule (3) tot (6) om (1) tot (4) te lui.

5. KLOUSULE 8: KORTTYD

- (1) Vervang die opskrif van hierdie klousule deur die volgende:

"KORTTYD EN ONTSLAG GEGROND OP BEDRYFSVEREISTES".
- (2) Vervang subklousule (2) deur die volgende:

"(2) (a) Wanneer 'n werkgewer beoog om een of meer werknemers te ontslaan weens redes gegrond op die werkgewer se bedryfsvereistes, behoudens dat korttyd van minder as 35 uur per week gewerk is oor 'n aaneenlopende tydperk van een week, moet die werkgewer oorleg pleeg—

 - (i) met iemand met wie die werkgewer volgens voorskrif van 'n kollektiewe ooreenkoms oorleg moet pleeg;
 - (ii) met 'n werkplekforum, indien daar nie 'n kollektiewe ooreenkoms is wat oorlegpleging vereis nie, en die werknemers wat waarskynlik deur die beoogde ontslag geraak sal word, in diens is van 'n werkplek ten opsigte waarvan daar 'n werkplekforum is;
 - (iii) indien daar nie 'n werkplekforum is nie in die werkplek waar sodanige werknemers in diens is, met enige geregistreerde vakbond wie se lede waarskynlik deur die beoogde ontslag geraak sal word; en
 - (iv) met die werknemers wat waarskynlik deur die beoogde ontslag geraak sal word of met hulle verteenwoordigers wat vir daardie doel benoem is, indien daar nie so 'n vakbond is nie.

- (b) Die oorlegplegende partye moet poog om eenstemmigheid te bereik oor—
 - (i) geskikte maatreëls—
 - (aa) om die ontslag te vermy;
 - (ab) om die getal persone wat ontslaan word, tot die minimum te beperk;
 - (ac) om die tydsberekening van die ontslag te verander; en
 - (ad) om die nadelige gevolge van die ontslag te versag; en
 - (ii) die metode vir die selektering van die werknemers wat ontslaan sal word.
- (c) Personeelverminderingstoelae van een week se gewone lone vir elke voltooide jaar diens is betaalbaar: Met die verstande dat gedurende die eerste en laaste jaar diens, 10 maande of langer diens beskou word as 'n voltooide jaar diens.
- (d) Die werkgewer moet aan die ander oorlegplegende party skriftelik alle tersaaklike inligting verstrek wat insluit, maar nie beperk is nie tot—
 - (i) die redes vir die beoogde ontslag;
 - (ii) die alternatiewe wat die werkgewer oorweeg het voordat hy ontslag voorgestel het, en die redes waarom elke van daardie alternatiewe verwerp is;
 - (iii) die getal werknemers wat waarskynlik geraak gaan word en die werkkategorieë waarin hulle in diens is;
 - (iv) die voorgestelde metode vir die selektering van welke werknemers ontslaan moet word;
 - (v) die tydstop wanneer, of die tydperk waartydens, ontslag waarskynlik sal van krag word;
 - (vi) die voorgestelde uitreeloon;
 - (vii) enige bystand wat die werkgewer beoog om die werknemers wat waarskynlik ontslaan gaan word, aan te bied; en
 - (viii) die moontlikheid van die herindiensneming van die ontslane werknemers in die toekoms:
- (e) Die bepalings van artikel 16, saamgelees met die veranderinge wat in die konteks nodig is, is van toepassing op die openbaarmaking van inligting ingevolge paragraaf (d).
- (f) Gedurende die oorlegpleging moet die werkgewer die ander oorlegplegende party 'n geleentheid bied om verhoë te rig oor enige aangeleentheid waaroor oorleg gepleeg word.
- (g) Die werkgewer moet die verhoë wat deur die ander oorlegplegende party gerig is, oorweeg en daarop reageer, en indien die werkgewer nie daarmee eens is nie, moet die werkgewer redes daarvoor verstrek.
- (h) Die werkgewer moet die werknemers wat ontslaan staan te word, selekteer volgens selekteringsmaatstawwe—
 - (i) waaroor die oorlegplegende partye ooreengekom het; of
 - (ii) wat billik en objektief is indien daar nie oor maatstawwe ooreengekom is nie.

6. KLOUSULE 34: DIENSBEËINDIGING

- (1) In subklousule (1), voeg die volgende uitdrukking in na die woord “dienskontrak” waar dit eerste in die subklousule voorkom:

"gedurende die twee maande proeftydperk waarna die kennisgewingtydperk een week sal wees".

- (2) In subklousule (2), skrap die uitdrukking “as een uur” na die woord “tydperk”.

- (3) In subklousule (3), voeg die volgende uitdrukking in na die woord “uur”:

"Of een week soos die geval ook mag wees."

7. HOOFSTUK II:

MINIMUM LONE

Vervang klousule I van Hoofstuk II deur die volgende:

“1. (a) *Loonverhogings: Meubelvervaardiging:* Onderstaande is die minimum we eklone voorgeskryf vir die onderskeie klasse werk hieronder opgesom: Met die verstande dat by elke geleentheid die minimum voorgeskrewe loon ingevolge hierdie Ooreenkoms verhoog moet word. 'n Werknemer wat 'n hoër loon ontvang as die minimum voorgeskrewe loon vir die klas werk wat hy verrig, moet ondanks andersluidende bepalings hierin vervat, 'n verhoging ontvang wat gelyk is aan die bedrag hieronder vir daardie loonkategorie aangedui word:

Werklike verdienste

Tydperk eindigende 30 Junie 1998

Voorman/Toesighouer wat R496,25 of meer per week verdien	Weekloon moet verhoog word met R44,00
Onderbaas wat R481,40 of meer per week verdien	Weekloon moet verhoog word met R44,00
Onderbaas graad IV wat R409,28 of meer per week verdien	Weekloon moet verhoog word met R44,00
Werknemers graad I wat R451,72 of meer per week verdien	Weekloon moet verhoog word met R44,00
Werknemer graad II wat R443,92 of meer per week verdien	Weekloon moet verhoog word met R44,00
Werknemer graad III wat R416,20 of meer per week verdien	Weekloon moet verhoog word met R44,00
Werknemer graad IV wat R394,13 of meer per week verdien	Weekloon moet verhoog word met R44,00

<i>Werklike verdienste</i>	<i>Tydperk eindigende 30 Junie 1998</i>
Werknemer graad IV A wat R396,83, of meer per week verdien.....	Weekloon moet verhoog word met R44,00
Werknemers graad V wat R8,09 per uur verdien	Loon moet verhoog word met R1,15 per uur
Los werknemers wat R8,59 per uur verdien	Loon moet verhoog word met R1,00 per uur

(b) *Loonverhogings: Beddegoedvervaardiging:* Onderstaande is die minimum weeklone voorgeskryf vir die onderskeie klasse werk hieronder opgesom: Met dien verstande dat by elke geleentheid die minimum voorgeskrewe loon ingevolge hierdie Ooreenkoms verhoog moet word. 'n Werknemer wat 'n hoër loon ontvang as die minimum voorgeskrewe loon vir die klas werk wat hy verrig, moet ondanks andersluidende bepalings hierin vervat, 'n verhoging ontvang wat gelyk is aan die bedrag hieronder vir daardie loonkategorie aangedui:

<i>Werklike verdienste</i>	<i>Tydperk eiendigende 30 Junie 1998</i>
Werknemers graad I wat R443,92 of meer per week verdien	Weekloon moet verhoog word met R44,00
Werknemers graad I A wat R451,72 of meer per week verdien	Weekloon moet verhoog word met R44,00
Werknemers graad II wat R434,51 of meer per week verdien	Weekloon moet verhoog word met R44,00
Werknemers graad III wat R416,20 of meer per week verdien	Weekloon moet verhoog word met R44,00
Werknemers graad III A wat R411,16 of meer per week verdien	Weekloon moet verhoog word met R44,00
Werknemers graad IV wat R394,13 of meer per week verdien	Weekloon moet verhoog word met R44,00
Werknemers Graad V wat R8,09 per uur verdien.....	Loon moet verhoog word met R1,00 per uur
Los werknemers wat R8,59 per uur verdien	Loon moet verhoog word met R1,15 per uur

(c) Onderstaande is die minimum weeklone voorgeskryf vir vakleerlinge in aangewese ambagte. 'n Vakleerling wat 'n hoër loon ontvang as die minimum voorgeskrewe loon van die vaardigheidsvlak waarvoor hy gekwalifiseer het, moet ondanks andersluidende bepalings hierin vervat, 'n verhoging ontvang van minstens R44,00 per week:

<i>Indeling</i>	<i>Minimum lone</i>	<i>Tydperk eindigende 30 Junie 1998</i>
By inboeking	R448,33	
Slaag Fase 1	R468,33	
Slaag Fase 2	R475,33	
Slaag Fase 3	R488,33	
Slaag Fase 4	R500,33	
Slaag Fase 5	R513,33"	

8. KLOUSULE B: LOONSVERHOGINGS EN MINIMUM LONE

Vervang subklousule (1) van klousule B deur die volgende:

(1) Onderstaande is die minimum weeklone voorgeskryf vir die onderskeie klasse werk hieronder genoem: Met dien verstande dat by elke geleentheid 'n minimum voorgeskrewe loon ingevolge hierdie Ooreenkoms verhoog moet word. 'n Werknemer wat 'n hoër loon ontvang as die minimum voorgeskrewe loon vir die klas werk wat hy verrig, moet ondanks andersluidende bepalings hierin vervat, 'n verhoging ontvang wat gelyk is aan die bedrag hieronder vir daardie loonkategorie aangedui:

<i>Indeling</i>	<i>Tydperk eindigende 30 Junie 1998</i>
Drywer ingedeel onder 1 (a) (i)	Weekloon moet verhoog word met R44,00
Drywer ingedeel onder 1 (a) (ii)	Weekloon moet verhoog word met R44,00
Drywer ingedeel onder 1 (a) (iii).....	Weekloon moet verhoog word met R44,00
Drywer ingedeel onder 1 (a) (iv) en (b).....	Weekloon moet verhoog word met R44,00
Drywer ingedeel onder 1 (b)	Weekloon moet verhoog word met R44,00

LOS DRYWERS

Los drywer ingedeel onder 1 (c) (i)	Weekloon moet verhoog word met R10,35
Los drywer ingedeel onder 1 (c) (ii)	Weekloon moet verhoog word met R10,35
Los drywer ingedeel onder 1 (c) (iii)	Weekloon moet verhoog word met R10,35
Los drywer ingedeel onder 1 (c) (iv) en (d).....	Weekloon moet verhoog word met R10,35
Los drywer ingedeel onder 1 (d)	Weekloon moet verhoog word met R10,35

Namens die partye op hede die 28ste dag van Mei 1997, te Johannesburg onderteken.

R. CORNICK

Voorsitter van die Raad

M. SEFF

Ondervoorsitter van die Raad

P. C. SMIT

Hoofsekretaris van die Raad

*Looking for back copies and out of print issues of
the Government Gazette and Provincial Gazettes?*

The State Library has them!

Let us make your day with the information you need ...


The State Library Reference and Information Service

PO Box 397

0001 PRETORIA

Tel./Fax (012) 321-8931

E-mail: infodesk@statelib.pwv.gov.za



*Soek u ou kopieë en uit druk uitgawes van die
Staatskoerant en Provinsiale Koerante?*

Die Staatsbiblioteek het hulle!

Met ons hoef u nie te sukkel om inligting te bekom nie ...

Die Staatsbiblioteek Naslaan- en Inligtingdiens




Posbus 397

0001 PRETORIA





Tel./Faks (012) 321-8931

E-pos: infodesk@statelib.pwv.gov.za



SA WEATHER BUREAU SA WEERBURO



**W
E
A
T
H
E
R
·
S
E
R
V
I
C
E
S
·
W
E
E
R
D
I
E
N
S
T
E**



Where is the largest amount of meteorological information in the whole of South Africa available?



Waar is die meeste weerkundige inligting in die hele Suid-Afrika beskikbaar?

Department of Environmental Affairs and Tourism
Departement van Omgewingsake en Toerisme

CONTENTS

INHOUD

No.	Page No.	Gazette No.	No.	Bladsy No.	Koerant No.
GOVERNMENT NOTICES			GOEWERMENSKENNISGEWINGS		
Environmental Affairs and Tourism, Department of			Arbeid, Departement van		
<i>Government Notice</i>			<i>Goewermentskennisgewings</i>		
R. 1089 National Parks Act (57/1976): Amendment of regulations	1	18198	R. 1096 Wet op Arbeidsverhoudinge (28/1956): Restaurant-, Spyseniers- en Verwante Bedrywe: Wysiging van Hoofdooreenkoms.....	19	18198
Health, Department of			R. 1100 Wet op Arbeidsverhoudinge (28/1956): Meubel- en Beddegoednywerheid, Transvaal: Wysiging van Hoofdooreenkoms.....	25	18198
<i>Government Notices</i>			Gesondheid, Departement van		
R. 1086 Medical, Dental and Supplementary Health Service Professions Act (56/1974): Disciplinary steps by professional boards and the Council: Rules specifying acts or omissions	2	18198	<i>Goewermentskennisgewings</i>		
R. 1098 Medicines and Related Substances Control Act (101/1965): Amendment of Schedule 1	3	18198	R. 1086 Wet op Geneeshere, Tandartse en Aanvullende Gesondheidsdiensberoepes (56/1974): Tugstappe deur beroepsrade en die Raad: Reëls wat handeling of versuime uiteensit	2	18198
R. 1099 do.: do	3	18198	R. 1098 Wet op die Beheer van Medisyne en Verwante Stowwe (101/1965): Wysiging van Bylae 1	3	18198
Labour, Department of			R. 1099 do.: do	4	18198
<i>Government Notices</i>			Minerale en Energie, Departement van		
R. 1096 Labour Relations Act (28/1956): Restaurant, Catering and Allied Trades: Amendment of Main Agreement	17	18198	<i>Goewermentskennisgewing</i>		
R. 1100 Labour Relations Act (28/1956): Furniture and Bedding Manufacturing Industry, Transvaal: Amendment of Main Agreement.....	21	18198	R. 1088 Wet op Gesondheid en Veiligheid in Myne (29/1996): Verdeling van die Republiek in streke	5	18198
Minerals and Energy, Department of			Omgewingsake en Toerisme, Departement van		
<i>Government Notice</i>			<i>Goewermentskennisgewing</i>		
R. 1088 Mine Health and Safety Act (29/1996): Division of the Republic into regions.....	5	18198	R. 1089 Wet op Nasionale Parke (57/1976): Wysiging van regulasies	2	18198
South African Revenue Service			Suid-Afrikaanse Inkomstediens		
<i>Government Notices</i>			<i>Goewermentskennisgewings</i>		
R. 1091 Customs and Excise Act (91/1964): Imposition of provisional payment (VB/51)	6	18198	R. 1091 Doeane- en Aksynswet (91/1964): Oplegging van voorlopige betaling (VB/51)	9	18198
R. 1092 do.: Imposition of provisional payment (VB/52)	12	18198	R. 1092 do.: Oplegging van voorlopige betaling (VB/52)	12	18198
R. 1093 do.: Amendment of Schedule No. 3 (No. 3/363): Correction	13	18198	R. 1093 do.: Wysiging van Bylae No. 3 (No. 3/363)	13	18198
R. 1094 do.: Amendment of Schedule No. 1 (No. 1/2/103)	15	18198	R. 1094 do.: Wysiging van Bylae No. 1 (No. 1/2/103)	16	18198
R. 1101 Customs and Excise Act (91/1964): Amendment of Schedule No. 1 (1/1/839)	13	18198	R. 1101 Doeane- en Aksynswet (91/1964): Wysiging van Bylae No. 1 (No. 1/1/839)	14	18198